



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2014**

**DRAMATIESE KUNSTE  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 42 bladsye.

---

**ALGEMENE NOTAS VIR NASIENERS/ONDERWYSERS**

1. As 'n nasiener, skryf kort opmerkings waarom 'n punt opwaarts of afwaarts aangepas is indien die memorandum nie duidelike riglyne gee nie en die nasiener eie diskresie moet gebruik.
2. Maak duidelike regmerkies om die punt wat behaal is, aan te dui. Nasieners moet aktief by die antwoord betrokke raak.
3. Hoofnasieners moet rubrieke met nasieners fasiliteer. Gebruik die vlakbeskrywings van Dramatiese Kunste om die nasien te lei.
4. Hou gereelde konsultasies om te verseker dat nasienwerk gestandaardiseer is.
5. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf, moenie penaliseer nie (bv. opstelvraag).
6. Die memorandumbesprekingsforum kan nie genoegsaam alle antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en oop wees vir kandidate se antwoorde. Hulle moet seker maak dat verskillende onderwysstyle nie die kandidaat benadeel nie.
7. Wy die eerste dag aan die bestudering van die kwaliteit en kwantiteit van bewyse in die memorandum, standaardiseer die vereiste antwoorde en vind gemeenskaplike definisies en konsepte.
8. Nasieners moet seker maak dat kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe.
9. Die voorgestelde antwoorde is dikwels bo die vlak van die meeste kandidate op Graad 12 kan behartig, en behoort gesien te word as 'n opvoedingservaring vir die merkers.

**AFDELING A: 20<sup>STE</sup> EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Beantwoord EEN van die DRIE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1:**

Kandidate beantwoord die vraag as hulle *Kaukasie Krytsirkel*, *Moeder Courage*, *The Good Person of Szechwan* of *Kanna Hy Kô Hystoe* behandel het.

*Die opstelle moet volgens die rubriek nagesien word en moet die kandidate se benadering van die onderwerp in ag neem. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon, moet gekrediteer word.*

KATEGORIE	PUNT	BESKRYWER
Uitstekend	27–30	Die kandidaat het 'n duidelike begrip van die aanhaling en kan die toneeltekste en die teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n <b>argument konstrueer</b> wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en konkrete, spesifieke voorbeelde uit die beweging en toneeltekste gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en 'n maksimum van vyf en kies geskikte punte uit die lys wat verband hou met die toneeltekste en beweging wat hy/sy bestudeer het. Hy/Sy fokus op die verskillende doeleindes van teater en bespreek duidelik hoe die toneeltekste wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere oortuiging is.
Baie Goed	24–26	Die kandidaat verstaan die aanhaling en kan die toneeltekste en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n <b>argument konstrueer</b> wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en voorbeelde uit die beweging en toneeltekste gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneeltekste en beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy bespreek hoe die toneeltekste wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.
Goed	21–23	Die kandidaat verwys na die aanhaling en kan die toneeltekste en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat probeer om die waarheid van die aanhaling te ondersteun en gebruik voorbeelde uit die beweging en toneeltekste. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneeltekste en die beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy oorweeg hoe die toneeltekste wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.

Bevredigend	18–20	Die kandidaat kan direk na die aanhaling verwys, maar sal meer waarskynlik 'n verbinding aflei as om dit direk te noem. Hy/Sy bespreek die toneeltekste en teaterbeweging. Die kandidaat probeer om die beweging en toneeltekste in verband te bring. Die kandidaat bespreek 'n paar van die kolpunte en kies 'n paar punte uit die lys wat die toneeltekste en beweging wat hy/sy bestudeer het, verbind. Hy/Sy kan meer punte uit die lys dek, maar op 'n oppervlakkige manier.
Gemiddeld	15–17	Die kandidaat is geneig om 'n verbinding met die aanhaling af te lei eerder as om dit direk te noem. Hy/Sy verduidelik die toneeltekste en teaterbeweging. Die kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeeld(e) van dramatiese teoretici/praktisyne, toneelstukke of tekste te gee, maar is dikwels nie in staat om dit met die aanhaling in verband te bring nie. Hy/Sy gee 'n paar basiese beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekste en aanhaling samehangend met mekaar in verband te bring nie. In die algemeen word breë stellings oor drie of meer van die punte gemaak.
Elementêr	11–14	Die kandidaat is geneig om die aanhaling te ignoreer en verwys toevallig daarna, eerder as doelbewus. Hy/Sy beskryf die toneeltekste en teaterbeweging. Die kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeelde van dramatiese teoretici/praktisyne, toneelstukke of tekste te gee, maar is dikwels nie in staat om dit met die aanhaling in verband te bring nie. Die kandidaat gee 'n paar beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekste en aanhalings samehangend met mekaar in verband te bring nie. In die algemeen maak hy/sy stellings wat na drie of meer van die punte verwys en sy/haar antwoord fokus dikwels op die intrige.
Swak	0–10	Die kandidaat is geneig om die aanhaling te ignoreer en verwys toevallig daarna, eerder as doelbewus. Die kandidaat gee 'n paar beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekste en aanhaling met mekaar te verbind nie. In die algemeen maak hy/sy algemene stellings wat na sommige van die punte verwys.

Die volgende behoort te dien as riglyne wat spesifiek is aan elke toneelstuk wat die kandidaat bestudeer het. Let wel dat die volgende behoort te wees wat die nasieners in die kandidaat se antwoord moet na kyk. Die notas is algemeen met betrekking tot die Epiese teater en nasieners word aangeraai om hulle nasien te beperk tot 'n toneelstuk wat onder die beweging bestudeer is.

## Oor Brecht en Epiese Teater

- Epiese teater is 'n teatervorm wat nie tydgebonde is nie.
- Dit was beïnvloed deur die werke van Piscator.
- Tesis en antitesis is in 'n nuwe tesis gefinaliseer.
- Brecht het Wagner se invloedryke konsep van 'n "verenigde produksie" of van "totale teater" verwerp, aangesien die doel daarvan was dat musiek, agtergrond, kostuum, beligting, drama en sang alles dieselfde idee oordra (illusie).
- Brecht wou gehad het dat elke element op 'n ander manier kommentaar moet lewer. In 'n satiriese lied hoef die musiek nie satiries te wees nie, aangesien die dialoog en handeling daartoe bydra. Deur die verwagtinge te weerspreek en deur twee tekste met verskillende atmosfeer te verenig, sal konflik in die gedagtes van die gehoor ontstaan en die persoon dwing om die twee elemente te versoen.
- Hy het katarsis, empatie en nabootsing verwerp ten gunste van Aristoteles se begrippe, "die vervreemdingseffek".

### Epiese Teater sluit in:

- Toneelstukke is meestal polities en didakties van aard.
- Brecht se toneelstukke word beïnvloed deur ander dramaturge soos die Grieke en die Elizabethane.
- Hierdie toneelstukke is onemosionele prose-vertalings van die "Noh Teater van Japan"
- Hy gebruik satire deur blanko vers en liedere te kombineer.
- Toneelstukke wat geskryf is vir sosiale reaksie soos "*Theatre of Social Action*".
- Brecht se toneelstukke het 'n ingeboude passie om verandering te kan bring – teater is 'n ruimte waarin jy jou houdings en menings wat tot die begin van verandering van idees, denke en aksie lei, kan uitdruk.
- Hy wou hê dat sy gehoor die teater met 'n nuwe vorm van bewustheid om probleme in die toneelstuk te oorweeg moet verlaat, en dit toe te pas om die probleme in realiteit aan te gryp.
- Hy glo dat emosies in teater altyd rede oorskadu wanneer jy na 'n sentimentele toneelstuk kyk.
- Die toneelstuk word 'n montage met 'n reeks van onafhanklike insidente wat die doel het om die gehoor te skok, sodat daar nuwe begrip en erkenning kan plaasvind.
- Daar is altyd 'n storieverteller wat dit direk aan die gehoor oordra – wat dus die vierde muur wat in realistiese teater opgebou is, afbreek.
- 'n Hele historiese gebeurtenis kan in een sin vevat word.
- Die gehoor moet permanent krities bly.
- Elke toneel kry 'n subtitel wat slegs verwyder en vervang sou word deur 'n nuwe titel as die toneel sou verander.
- Hy verwerp liniêre dramatiese struktuur van 'n goed-gestruktureerde toneelstuk – dus kontinuïteit van een toneel na die volgende en die opbou van spanning na die hoogtepunt.
- Tonele is verbind deur tematiese drade liever as deur die struktuur en die ontwikkeling van die intrige soos in realistiese drama.
- Teater as 'n spektakel, met onderwerp en ook gehoordeelname of gehoorbetrokkenheid.
- Toneelstuk word geskryf in 'n styl wat kommentaar lewer op die samelewing vir die onthalwe van sosiale verandering.

- Die dramaturg is die regisseur en die skepper soos van enige ander produk.
- Vernietig teatrale illusie.
- Musiek teenoor die teks of kommentaar deur akteurs.
- Die gehoor behoort betrokke te wees in die optrede om objektief waar te neem, te dink, en ook om kritiese oorweging te bewerkstellig om sosiale aksie te beïnvloed.
- Epiese Teater is meer gebaseer op die rede as op die gehoor se emosies.
- Brecht het die “Verfremdunseffekt” of die “Alienation-effect” ontwikkel.

**Ander tegnieke wat in die Epiese Teater toneelstukke gevind kan word sluit in:**

- Tekens, plakkate of projeksies wat ons vertel wat gaan gebeur voor elke toneel, wat die illusie omverwerp, vir ons ’n konteks gee of ’n boodskap waarop die gehoor sy waarnemings/gewaarwordings kan baseer.
- Maskers en poppespel
- Sigbare verhoogmasjinerie (wys die tegnologie van die teater)
- Die toneelstuk as die “parable play” of wat ook bekend staan as “Lehrstück.”
- Gebruik musiek om die aksies te onderbreek en om daarop kommentaar te lewer.
- Toneelspel in die derde persoon.
- Die beskrywing van akteurs se beweging en handgebare buite die geskrewe dialoog.
- Die ontdekking van die “gest”, gestus (bv. gebare en bewegings) van die karakter. “Gest” verwys na beide die handgebare en die gist.

Kandidate kan enige van die bogenoemde noem in verband met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. Merkers moet let op die kandidate se antwoord ten opsigte waarvan dit na die volgende aspekte van Epiese teater verwys: die doelwit; die strukturele doel, die wisselwerking tussen teks, optrede en gehoor as ’n didaktiese platform waar die gehoor die geleentheid gebied word om beide sosiale en politieke kwessies te kritiseer vir die doel van aksie en sosiale transformasie. Nasieners moet ook uit die antwoord kan aflei of die kandidaat die vermoë het om kennis toe te pas op die drama wat hulle studeer het.

Let daarop dat sekere kandidate uitgebreide kennis sal toon in hulle toepassing en die vermoë om ’n goed gestruktureerde antwoord te gee wat verteenwoordigend van die totale uitkomst van die Epiese teater is.

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

Die volgende moet dien as die riglyne wat moet geld vir elke toneelstuk wat die kandidaat bestudeer het. Die raamwerk van feite is dus waarvoor die nasiener in die kandidaat se antwoord moet soek. Die notas handel in die algemeen oor Absurde Teater en die nasiener moet merk volgens die toepassing daarvan in die toneelstuk wat uit die beweging bestudeer is.

Hier volg van die feite wat in die antwoord mag verskyn:

- Absurde Teater beweeg weg van realistiese karakters, situasies en al die ooreenstemmende teatrale konvensies.
- Tyd, plek en identiteit is dubbelsinnig en vloeibaar (“fluid”) en selfs basiese oorsaak en gevolg (causality) verbroekel soms.
- Betekenislose intrige, herhalende en sinnelose dialoog en dramatiese “non-sequiturs” word dikwels gebruik om droomagtige of selfs nagmerrieagtige stemming te skep.
- Daar is ’n fyn lyn tussen die versigtige en kunstige gebruik van chaos en nie-realistiese elemente en ware, betekenisvolle chaos. Alhoewel baie van die toneelstukke wat hier genoem word baie betekenisloos op die oppervlak voorkom, word betekenis gewoonlik tussen die chaos gevind.
- Menslike toestand (“condition”) is betekenisloos, absurd en onlogies.
- Taal: Woorde lyk of dit dikwels hulle denotatiewe betekenis verloor het wat tot verwarring tussen die karakters kan lei. Aan die ander kant verkry taal dikwels ’n sekere fonetiese, ritmiese en amper musikale (liriese/poëtiese) kwaliteit wat moontlikhede vir woordspeling oopmaak. Dit word soms gedoen om die tyd om te kry terwyl daar gewag word vir iets wat moes kom (soos in Beckett se *Wagend op Godot*).

### **Sekere karaktereienskappe van Absurde Teater:**

- Geen intrige, minimale verhooginkleding “staging”, ’n gebabbel, abstrakte ruimte, arbitrêre onlogiese handeling.
- Absurdheid is die onvermydelike afbreek (devaluation) van ideale, suiwerheid en doel.
- Die taal en poësie van Absurde Teater kom van konkrete en geobjektiveerde beelde op die verhoog.
- Absurde toneelstukke vra van hul gehore om hulle “eie gevolgtrekkings te maak, hul eie foute te maak.”
- Alhoewel Absurde teater as nonsens afgemaak kan word, het dit die meeste te sê van wat gesê moet word en kan verstaan word.
- Die Absurde is dit wat nie ’n doel het nie ... Afgesny van sy godsdienstige, metafisiese en transendentale wortels, is die mens verlore; al sy aksies raak onverstandig, absurd en nutteloos.
- Die gebruik van rolspel, toneelstukke binne in toneelstukke en die buigsame sin van die beperking van verhoog-illusie en identiteit word gedramatiseer.

### **Taal, ritme en karakters**

- Taal is dikwels gefragmenteerd/Non-sequiturs
- Woordspel – nuwe betekenis of dubbelsinnige betekenis
- Pouses
- Gehoorverhouding
- Gehoor word dikwels vervreem, geterg, verbysterd en word ontsteld.
- Die gehoor bevraagteken die lewe en hul bestaan en die belaglikheid van die lewe.
- Toneelstukstruktuur
- Intrige/Plot mag nie logies wees nie
- Dikwels geen oplossing/ontbinding aan die einde

- Verhoudings is onduidelik en die gehoor wonder oor die karakters se verhoudings.
- Kontrasterende elemente word langs mekaar geplaas, byvoorbeeld vriende wat mekaar vernietig.
- Die intrige is beide komies en tragies – twee aspekte van dieselfde situasie.
- Dramaturg se intensie/doel
- Die doel is om mense ontsteld te maak en verras deur die skep van 'n nuwe onvoorspelbare vorm.
- Beplan om vooropgestelde idees van teater konvensies/gebruike te verpletter
- Skepping: Optree vereistes, tipes karakters, vokalisasie vereistes soos toonhoogte, tempo en volume
- Strek van narre tot realistiese karakters
- Omdat die dialoog somtyds nie logies is nie, is dit uiters belangrik dat die akteurs baie duidelik praat.
- Fisieke vereistes: Gebare, beweging en tempo
- Kontraste van uiterstes word dikwels in karakterisering en tempo gebruik
- Pouses word gebruik om spanning te verhoog.
- Terwyl tradisionele teater probeer om 'n fotografiese weergawe van die lewe soos ons sien, te skep, probeer die Teater van die Absurde 'n ritueel-agtige, mitologiese, argetipiese, allegoriese visie te skep, wat na aan die wêreld van drome verwant is.
- Die fokuspunt van hierdie drome is dikwels die mense se fundamentalistiese onthutsing en verwarring, wat voortspruit uit die feit dat hy geen antwoorde op die basiese eksistensiële vrae het nie: Hoekom lewe ons?; Hoekom moet ons sterf?; Hoekom is daar onregverdigheid en lyding?, ens.
- Een van die mees belangrikste aspekte van absurde drama is hul wantroue in taal as 'n manier van kommunikasie.
- Taal, so blyk dit, het niks meer as 'n middel vir stereotipiese, betekenislose uitruilings geword nie.
- Absurde teater demonstreer dat woorde nie verby die oppervlakte kan gaan nie; hulle kan nie die betekenis van menslike-bestaan uitdruk nie.
- Dikwels is daar 'n dreigende mag van buite wat 'n raaisel bly.
- Afwesigheid, leegheid, dit wat tot niet is, en onopgeloste raaisels is sentrale eienskappe van baie Absurde teater-intriges.
- Heel dikwels is die aksies siklies (herhaal homself), of eindig presies waar dit begin.

Kandidate mag enige van die voorafgaande noem in lyn met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. Nasieners word aanbeveel om na 'n kandidaat se antwoord te kyk met betrekking tot of dit 'n kennis van Epiese teater toon van sy intensies, sy strukturele doel, die verhouding tussen teks, optrede en gehoor as 'n didaktiese platform waar die gehoor die geleentheid gegun word, beide politieke en sosiale sake vir aksies en sosiale hervorming. Van hierdie kennis word nasieners ook geadviseer om te assesser of die kandidaat in staat was om die kennis saam te smelt en van toepassing op 'n toneelstuk wat hulle bestudeer het te maak deur hul vlak van toepassing. Daar moet gelet word dat sommige kandidate 'n uitgebreide kennis sal toon deur kennis, toepassing en die vaardigheid het om al die eienskappe saam te bring as 'n les wat akkuraat is met betrekking tot die volledige uitkomst waarop deur Absurde Teater gemik word.



## POSTMODERNE TEATER

Die volgende behoort as riglyne met betrekking tot elke toneelstuk wat die kandidaat bestudeer het te dien. Neem kennis van die volgende inligting waarna die nasiener moet oplet wanneer die kandidaat se terugvoering geassesseer word. Die riglyne is algemeen met betrekking tot Postmoderne teater en nasieners word aanbeveel om tydens assessering aan te pas by enige toneelstuk wat onder hierdie beweging bestudeer is.

Nasieners moet die volgende in ag neem wanneer kandidate se terugvoering nagesien word:

- Postmoderne teater dien 'n primêre doel om 'n aantal vooropgestelde idees rakende Moderne Teater af te breek.
- Die waarheid kan nie geverifieer word nie.
- Die gehoor word gekonfronteer met 'n keuse om hulle eie gevolgtrekking/waarheid rakende produksies te maak
- Die gebruik van media vorme
- Eksperimentering met taal en denke
- 'n Pastiche van verskillende tekstuele en historiese bronne
- Die insluiting van bronne uit populêre kultuur geneem
- Nie-liniêre konvensies van storievertelling
- Geen poging om realiteit te dupliseer nie
- 'n Kombinasie van ekstreme humor en ongelooflike tragedie

## Karakters in Postmoderne Teater

### Karakters in *Buried child*:

- Karakters vertel ons van hulself eerder as dat ander karakters dit doen. Ons sien dit in die baie onsekerhede in die karakterverhoudinge in *Buried Child* raak. Dit lyk dat niemand anders enigiets weet van enige ander karakter in die toneelstuk nie. Ons kan dus aflei dat wat die karakters oor hulself sê belangrik is. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer Vince met Shelly opdaag en dit tot 'n reeks misverstande lei. Indien Shelly geweet het van Vince en dit in haar dialoog bevestig het, sou die waarheid meer geloofwaardig wees aangesien die menings uit twee bronne sou wees.
- Karakters is metafore en argetipes.
- Dodge is ontwykend, distansieer homself van sy familie en van alle toenadering.
- Neem kennis daarvan hoe elke lid van die familie hulself van mekaar gedurende die hele toneelstuk distansieer.
- Halie is skynheilig en kruip agter godsdiens weg. Sy het egter 'n buite-egtelike verhouding met die predikant en ten minste een ander man. Sy lewe saam met 'n donker geheim wat haar beperk en haar aggressief maak.
- Karakters is donker, ongelukkig, bot, vervreemd, geheimsinnig, gewelddadig en dikwels eendimensioneel.
- Karakterisering sluit rolspel en skielike transformasie in – wie glo ons en wanneer.
- Ons weet nie of Halie die waarheid praat wanneer sy haar gelukkige verlede en haar uitstappies na die renbaan onthou nie.
- Is Ansel werklik 'n heldin?
- Onthou Dodge vir Vince of nie?

### **Dialoog en taalgebruik in *Buried Child*:**

- Taalgebruik is natuurlik, gevul met herhaling, fragmente en emosies.
- Taalgebruik pas by die karakters – daar is bewyse van minder gapings tussen die karakters en wat hulle sê.

### **Temas in *Buried Child*:**

- **Familiedisintegrasië:**

Vervreemding en disassosiasie word deur familieledede ervaar omdat hulle lei a.g.v. die sondes van hul vader, Dodge. Hulle almal ontwyk realiteit en daarom ook hulle ware identiteit. Karakters word figuurlik op een of ander wyse beperk. Hulle kan nie vir Vince, wat een van hulle eie mense is en wat gekom het om sy eie identiteit te soek, herken nie. Alle karakters het die suiwerende reën en gebeurde wat plaasvind, nodig. Dodge (wat die waarheid ontduik) sterf as Tilden, wat die waarheid oor die verlede vertel en die aarde gee die dooies op.

- **Amerikaanse Droom:**

Die waardes van die Droom wat onafhanklikheid en magspel insluit, het sy familie geruïneer. Dit is die storie van Amerika en sy misbruik van mag en grond.

- **Georganiseerde Godsdienste bied geen antwoorde:**

Georganiseerde godsdienste bied geen oplossing vir enige mens se probleme nie. Vader Dewis word uitgebeeld as swak en lafhartig, immoreel; heeltemal onbevoeg om met die familie se behoeftes te help.

- **Verlede en hede:**

Die probleme van die verlede haal ons altyd in, die hede in en ons betaal 'n prys vir die sondes van ons vaders vir ewig. Die verlede bepaal tot 'n mate die hede. Vince lê, net soos Dodge, aan die einde van die toneelstuk op die rusbank. Die toneelstuk op die verwysing na die begin wat daarop dui dat die verlede altyd met die families sal wees.

### **Karakters in *Top Girls*:**

**Marlene:** Sy is gelukkig met haar prestasies en sy weet wat sy wil hê. Sy het geveg vir vroueregte in die werkplek en wy haar lewe daaraan om te ontsnap van die standaard wat sy as kind verag het. Haar lewe word bepaal deur haar eie ambisies. Sy neem aan dat ander mense haar sieninge moet beaam.

**Joyce:** Is gemaak lojaal, onafhanklik, baie bitter en dra haar negatiewe houding aan ander oor. Sy besef nie hoe sy ander mense beïnvloed nie.

**Angie:** Is 'n onafhanklike denker, intelligent, pessimisties en het geen rigting in die lewe nie.

### **Taal in *Top Girls***

- Karakters word aan hulle taalgebruik geken.
- Kort sinne is gelaai met baie betekenis. Die betekenisvolheid daarvan beteken nie dat daar minder vraagstukke aangespreek word nie.
- Die gebruik van gekruide taal is om te skok
- Sommige karakters gebruik Latyns om geleerd voor te kom
- Joan gebruik Latyns in die teenwoordigheid van ander karakters as 'n middel tot vervreemding.

### Die miskening van vroueregte deur vroue

- Daar is voortdurende feministiese kommentaar in die toneelstuk.
- As een karakter begin praat voordat 'n ander karakter klaargemaak het, word die onderbrekingspunt aangedui.
- 'n Karakter hou soms aan praat terwyl 'n ander karakter reeds aan die woord is
- Die karakters se dialoog dui die postmodernistiese uitsteltegniek van tyd
- Dialoog oorvleuel.
- Taalgebruik in *Top Girls* is idiomaties om menslikheid aan te spreek.

### Temas in *Top Girls*

#### • Keuse en Gevolge

Toneel 1: Alle karakters teenwoordig by die dinee moes 'n moeilike besluit neem om te kom waar hulle is. Pope Joan besluit om soos 'n seun, en daarna soos 'n man in die openbaar te leef. Sy raak swanger van haar geheime geliefde en moes na regte gestenig word. Joyce besluit om Angie aan te neem en dit bepaal 'n sekere lewensreis wat sy moes volg. Marlene moes ook verskeie keuses maak. Sy het 'n beroepsvrou geword en het haarself van haar familie vervreem.

Marlene is alleen a.g.v. die keuses wat sy gemaak het. Angie besluit om die skool te verlaat en in Londen te gaan bly (saam met haar tante). Ons is nie seker wat die gevolge hiervan gaan wees nie.

#### • Sukses en mislukking

Sukses is 'n belangrike aspek van Marlene se lewe in *Top Girls*. Sukses bepaal haar identiteit en met wie sy assosieer. Die dinee word gehou om Marlene se bewondering vir die besturende direkteur sowel as die sukses van haar gaste, te vier. Joan word pous, Isabella reis die wêreld vol, Gret veg met die duiwels in die hel en Griselda het haar man se buitengewone toets van lojaliteit oorleef. Neem kennis daarvan dat Marlene hierdie vrouens as suksesvol beskou alhoewel hulle nie 'n rol in haar lewe speel nie. Marlene se persoonlike lewe is weereens 'n mislukking a.g.v. haar besigheid-sukses. Sy het geen ware vriende in die toneelstuk nie en sy het haar biologiese dogter sewe jaar laas gesien.

Marlene glo dat Joyce 'n mislukking is omdat sy nie bo haar verlede uitgestyg het nie. Joyce maak huise skoon om aan die lewe te bly. Sy is ook nie beïndruk met Marlene se lewe nie. Marlene en Joyce glo dat Angie geen kans op sukses het a.g.v. haar gebrek aan opvoeding, ambisie en intelligensie. Hulle stem saam dat 'n persoon selfonderhoudend moet wees om sukses te behaal.

#### • Klassekonflik

Ons sien klassekonflik in Marlene en Joyce se verskillende sienings van sukses. Marlene het opvoeding en deursettingsvermoë en daarom styg sy uit van die werkersklas na die middelklas. Sy beklee 'n bestuurspos in 'n kompeterende veld. Marlene ondersteun die filosofieë van die vroulike eerste minister van Brittanje, Margaret Thatcher alhoewel sy as anti-werkersklas beskou word.

Joyce werk as 'n skoonmaker om Angie te onderhou. Joyce dink dat Margaret Thatcher onderduims is en vergelyk haar met Adolf Hitler a.g.v. haar houding teenoor die werkersklas. Joyce dink dat Marlene verhewe bo haar is. Marlene hou nie van mense in die werkersklas nie, maar beskou nie haar suster as een van hulle nie. Hulle stem nie ooreen rakende klasseverskille nie.

- **Seksrolle en Seksisme**

*Top Girls* spreek die samelewing se verwagtinge aan oor wat vroue moet wees en doen. Die gaste by die dinee definieer vrouwees in 'n spesifieke tydperk in terme van wat hulle reeds is, en wat hulle nie is nie. Isabella kon nie aan die standaard van vroulikheid voldoen soos deur haar suster, Hennie vasgestel is nie. Tog is Isabella 'n berese vrou wat meer van die wêreld gesien het as die meeste mans. Marlene se beroep en rolle wat sy moet uitleef, onderskei haar as 'n vrou

Alhoewel Marlene ekonomies bevoordeel is deur haar beroep, word haar ontkenning van geslagsrolle 'n probleem. Sy is ongetroud en dit lyk nie of sy in enige langtermynverhouding met iemand is nie. Joyce hou nie van haar nie. Mevrouw Kidd, die vrou van die man oor wie Marlene aangestel is, smee Marlene om dit nie te aanvaar nie. Mevrouw Kidd glo dat Howard nie ondergeskik aan 'n vrou by die werk moet wees nie. Mevrouw Kidd glo dat Marlene haar bevordering moet prysgee sodat Howard dit kan kry en sy familie kan ondersteun soos wat dit stereotipies gedoen word. Sy beskou Marlene as onnatuurlik a.g.v. die bevordering en haar toewyding tot haar werk. Seksisme maak nie Marlene se lewe en keuses enigsins makliker nie.

Kandidate mag enige van die voorafgaande noem in lyn met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. Nasieners word aanbeveel om na 'n kandidaat se antwoord te kyk met betrekking tot of dit 'n kennis van Postmoderne teater toon van sy intensies, sy strukturele doel, die verhouding tussen teks, optrede en gehoor as 'n didaktiese platform waar die gehoor die geleentheid gegun word beide politieke en sosiale sake vir aksie en sosiale hervorming. Van hierdie kennis, word nasieners ook geadviseer om te assesser of die kandidaat in staat was om die kennis saam te smelt en van toepassing op 'n toneelstuk te maak wat hulle bestudeer het deur hul vlak van toepassing. Dit moet op gelet word dat sommige kandidate 'n uitgebreide kennis sal toon deur kennis, toepassing en die vaardigheid om al die eienskappe saam te bring as 'n les wat akkuraat is met betrekking tot die volledige uitkomst waarop Absurde Teater mik.

**[30]****TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)****VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

2.1 Agitprop: “Agitation” en “propaganda” – dit is teater in politieke konteks. In die teater kan dit ’n produksie wees wat die heersende politieke bestel kritiseer (die optrede en die konteks) met die doel van sosiale bewuswording en mobilisering tot gevolg te hê. (2)

2.2 Kandidate kan enige TWEE van die volgende wette noem.

- 1950 – Wet Nr. 41, Groepsgebiedewet: Gedwonge skeiding tussen rasse deur die skep van woongebiede wat net vir sekere rasse bedoel was.
- 1952 – Naturelle Wysigingswet: Het die aantal swart mense wat permanente verblyf in dorpe beperk tot dié wat in ’n dorp gebore was en wat daar gebly het en wat vir ’n tydperk van nie minder as 15 jaar nie aaneen daar gewerk het.
- 1952 – Wet Nr. 67, Naturellewet (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente): Het swart mense gedwing om ’n vorm van identifisering (wat ’n foto, plek van herkoms, werksgeskiedenis, belasting-betalings, en ontmoetings met die polisie) ten alle tye te dra.
- 1953 – Wet Nr. 47, Wet op Bantoe Onderwys: Het ’n Swart Onderwysdepartement gestig wat ’n kurrikulum opgestel het wat “vir die natuur en die vereistes van die swart mense” geskik was. Die doelwit van die wet was om te verhoed dat swart mense ’n opvoeding ontvang wat hulle sou toelaat om in posisies te werk wat hulle nie onder die vorige apartheidswette kon hou nie.
- 1959 – Wet Nr. 45, Uitbreiding van Universiteit Onderwyswet: Verhoed swart studente om by wit universiteite te studeer.
- 1970 – Bantoe Tuislande Burgerreg: Verwyder Suid-Afrikaanse burgerskap en vereis dat alle swart mense burgers moet word van die tuisland wat aan hy/sy se etniese groep toewys is.

Merkers moet kennis neem dat data baie ander onregverdige apartheidswette is – die wat in die merkriglyn genoem word, is dié wat bydrae tot die temas van die Suid-Afrikaanse tekste wat in Dramatiese Kunste bestudeer word. (4)

2.3 Werkswinkels verwys na ’n metode of proses waardeur ’n toneelstuk geskep eerder as om ’n spesifieke genre te noem. Dit sluit in:

- Fase 1: Die kies van ’n konsep of ’n idêe as die basis vir ’n toneelstuk.
- Fase 2: Navorsing, die gebruik van argiewe, boeke, aanlynhulpbronne, persoonlike onderhoude om die idêe verder te ondersoek.
- Fase 3: Die skep en die bevragekening van die materiaal, improvisering en die verken van moontlike beelde, karakters en tonele.
- Fase 4: Die seleksie, redigering en die afronding van geïmproviseerde tonele om die finale draaiboek en struktuur van die toneel te skep.

- Fase 5: Die repetisie, die saambring van alle elemente om gereed te maak vir die finale aanbieding.
- Fase 6: Die vaslê van die finale aanbieding in 'n geskrewe teks.

Merkers moet bewus wees daarvan dat die kandidate moontlik die drie fases wat hulle in graad 10 bestudeer het, kan opnoem. In sulke gevalle moet die merker kyk na die kandidate se kennis van die fases van werkwinkels en waaruit die verskillende fases bestaan. (10)

2.4 Bestudeer 'n uittreksel uit *Woza Albert!* om die volgende vrae te beantwoord.

2.4.1 Dit kan om universaliteit wees. Die toneelstuk handel oor realistiese kwessies in die gemeenskap en regte mense. Die nasien moet wys dat Mbongeni en Percy hulself nie uitsluit van die mense wat deur die probleme in die gesig gestaar word nie. Dit mag nog 'n eienskap wees wat beïnvloed word deur Brecht-teater as 'n instrument van leer vir toeskouers – die vervreemdingseffek.

Assesseer na gelang van die kandidaat se begrip. (3)

2.4.2 Ja: *Woza Albert!* is 'n opstand teen die wette van die vorige dispensasie. Sy uitdagings, deur tonele by verskillende probleem areas, die politiese onregverdigheid van apartheid en die hoop op verandering. Dit daag die onderdrukkende wette, armoede en sensorskap en die abstrakte uitwerkings van apartheid, uit.

Oorweeg die kandidate se begrip en vaardigheid om 'n teks in verband met 'n beweging, idee of agenda te bring. (5)

2.4.3 Die volgende rubriek en notas wat volg mag in die assessering van hierdie vraag gebruik word.

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWERS (BEWYSE)
Uitstaande prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.</li> <li>• Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid.</li> <li>• In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit.</li> </ul>
Verdienslike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.</li> <li>• Gebruik van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit.</li> </ul>

Bevredigende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstelstruktuur.</li> <li>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseer.</li> </ul>
Middelmatige prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Beperkte seleksie van inligting en swak taalvaardigheid mag 'n bydraende faktor wees.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Elementêre prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Onvoldoende	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min gelewer, beperkte vaardighede.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat iets geleer het, maar nie verstaan het nie.</li> </ul>

2.4.4 Kandidaat se eie antwoord: Merker moet assesser of die kandidaat die implikasies van die verskillende temas verstaan wat in produksies voor 1994 aangewend is en of hulle die temas in die konteks van die hede verstaan.

(5)  
[20]

OF

**VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

- 3.1 Groepsgebiedewet sluit die volgende in: Gedwonge skeiding van rasse deur die ontwikkeling van verskillende areas wat aan sekere rasse toegeken is. (4)
- 3.2 Dit verwys na onomwonde eienaarskap en die grond waarop eiendom staan. (2)
- 3.3 Studeer die uittreksel van *Sophiatown*:
- 3.3.1 'n Uitvinder naamlik Tobiansky het dit na sy vrou, Sophia vernoem. (2)
- 3.3.2 Ruth is 'n blanke Joodse meisie van Yeoville. Gedurende die tyd van Sophiatown was hierdie 'n snaakse verskynsel. So iets was nog nooit in Sophiatown gesien nie, d.w.s. waar 'n blanke meisie (antagonistiese verwysing na apartheid-deur die verteller) intrek by die swart familie, by Mamariti. (2)
- 3.3.3 WAAR: Kandidate moet Fahfee noem, sowel as oor die vaardigheid beskik om die politiese situasie rondom Sophiatown, te bespreek. Dit is duidelik in die teks, soos hul gebeure aanhaal en klem lê op verandering en geforseerde blyplek vir sekere ras, en sy betrokkenheid in die weerstandsbeweging teen die gedwonge verskuiwings. (5)
- 3.4 Kandidate moet ENIGE TWEE karakters identifiseer en hul verhouding met mekaar en die invloed wat grond of geforseerde land op hul gemaak het, bespreek. Byvoorbeeld, Charlie en Mingus is bondgenote en hulle geskiedenis van lojaliteit word uitgedaag deur die skuif na 'n nuwe omgewing. Dit is onduidelik vir hulle oor wat gaan in die nuwe plek gebeur met die lewenswyse as benedeelde waaraan hulle gewoon was.
- Jakes blyk om planne te hê met Ruth Golden, maar hul toekoms is in gedrang. Daar word van hul verwag om by mense van hul eie ras te bly en daar aan te pas.
- Wees diskreet met die merk van hierdie vraag. Kandidate mag enige voorbeeld gebruik uit die teks waarmee hul gemaklik voel of waarby hul aanklank vind. Vir hierdie rede moet die antwoord duidelik toon dat die kandidate oor die nodige kennis beskik. Dit moet ook duidelik wys of die leerder verstaan hoe so 'n skuif lewens sal beïnvloed. (6)
- 3.5 Militêre besetting van swart woonbuurte, oral is daar polisie en weermagde wat mense bedreig, en huise in Sophiatown word platgestoot. Misdaad en geweld: deur die karakter Mingus en die stories wat hy vertel, kry mens duidelikheid oor hierdie 'werk'. So 'n tipe geweld was ook die aanknooppunt vir sy verhouding met Princess en die aanhoudende dreigemente on haar aan te rand. Ongeskooldheid: hulle neem waar hoe swak die kwaliteit van swart onderig is in die Bantu-onderrigsisteem. Groepsgebiedewet: Die vernederende rede vir pyn wat deur Sophiatown inwoners verduur moes word. Oorbevolking: die rede hoekom soveel arm mense by Mamariti se huis bly en die onverwagse besluit van Ruth om 'n kamer met Jakes te deel.
- Armoede: Die behoefte om armoede te oorkom, veroorsaak bendes en dit veroorsaak misdaad. Hul klem was om goeie lewens te ly na hul ander beroof en die industriële areas geplunder het.



Kandidate kan enige van die bogenoemde voorbeelde noem. Hul antwoorde moet waardig wees. Aanhaling uit die teks sal antwoorde versterk en goeie voorbeelde dien om antwoorde te ondersteun.

3.6 Die volgende rubriek en notas mag in die assessering van hierdie vraag gebruik word.

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWERS (BEWYSE)
Uitstaande prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.</li> <li>• Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid.</li> <li>• In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit.</li> </ul>
Verdienselike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.</li> <li>• Gebruik van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit.</li> </ul>
Bevredigende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstelstruktuur.</li> <li>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en stereotipe antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseer.</li> </ul>

Middelmatige prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Beperkte seleksie van inligting.</li> <li>• Swak taalvaardigheid.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Elementêre prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Onvoldoende	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min gelewer, beperkte vaardighede.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat iets geleer het, maar nie verstaan het nie.</li> </ul>

Kandidaat mag op Sophiatown as 'n voorbeeld van realistiese teater saamstem. Die argument mag rondom die volgende wees:

Instelling: Die boksstel. In terme van die instelling lyk Sophiatown asof dit van realistiese aard is. 'n Gemaklike rusbank en koffietafel, 'n kombuis-pouse en uitgange op verskeie dele van die huis. Lulu se skoolboeke, penne en potlode, 'n gebreekte karsitplek en stuurwiel, tikmasjien en boeke, ens. Dit is waar in terme van realisme omdat die eienskappe daarvan nie 'n simboliese doel het nie, maar eerder 'n realistiese doel, al is dit verteenwoordigend van elke karakter.

Die struktuur van die toneelstuk: die gebeurtenisse in die stuk volg logies en ons vind dieselfde konvensies van baie realistiese stukke soos die 'well-made-play', al is daar geen bewyse van 'n resoluie nie. Aan die einde word die mense van Sophiatown geskuif na Meadowlands en ander areas. Dit is die probleem van die mense van Sophiatown regdeur die stuk en op die ou einde staar hulle die vyand in die gesig wanneer hulle geen ander keuse het behalwe om te trek nie.

Karakters: is tipes mense wat ons in die samelewing kan vind, spesifieke soorte om in Sophiatown te wees met spesifieke kostuums van die 1950s. Mingus en Charlie is die benedelede, Lulu 'n skoolmeisie, Jakes 'n joernalis, Fahfee 'n algemene dobbelaar wat in die lokasies gevind word en Mamariti is 'n shebeen queen. Karakters simboliseer nie iets nie eerder waaraan die mense wat wel gevind kan word in enige lokasie tydens die Sophiatown era.

(10)  
[40]

**QUESTION 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS**

- 4.1 Hy wil aan haar skilderye verkoop. (1)
- 4.2 Nee, Giel en Moeder is nie getroud nie. In die bostaande uittreksel spreek Giel sy begeerte uit om met Moeder te trou. Giel verduidelik hoe die troue sal help, veral met Moeder se kinders. Hy verduidelik hoe belangrik familie is en dat elke huishouding oor 'n vaderfiguur moet beskik, wat na die familie se behoeftes kan omsien. (3)
- 4.3 Tjokkie se suster is Tiemie. (1)
- 4.4 Giel word nie na wense, soos 'n vader behandel deur die kinders nie. Hulle sien hom eerder as nog bagasie wat sy in hul lewens inbring. Hulle dink hy is nutteloos en net agter Moeder se pensioengeld aan. Hy gee geen finansiële hulp nie en doen ook geen pligte wat 'n vaderfiguur sou doen nie. Die kinders kla oor die geraas wat Giel en Moeder in die huis maak en hoe sleg dit die rustigheid in die huis beïnvloed. Die ander voorbeeld is die feit dat die kinders, selfs Moeder, dat die vaderfiguur nie in hul midde is nie en dat hy moeilik is om soms net spoorloos verdwyn. Ons sien uit Tjokkie se oogpunt, dat die familie geen nut meer vir 'n vaderfiguur het nie, behalwe hul eie pa, maar hulle weet nie waar hy hom bevind nie. Hulle wil van Giel ontslae raak. (4)
- 4.5 4.5.1 'n Vader is die hoof van 'n huis. 'n Vader moet belangrike besluite kan neem in belangrike aspekte, soos: finansies en veiligheid. Oorweeg die leerder se reaksie, dit mag verskil van die voorbeelde, maar moet wel verband hou daarmee.
- 4.5.2 Daar is verskeie gevalle in die teks, waar Giel se vaderlike eienskappe en vaardighede uitgedaag word. In plaas daarvan om probleme op te los, bring Giel meer probleme in die huishouding in. Giel se aksies om skilderye aan Moeder te probeer verkoop, is 'n simbool van sy parasitiese houvas op hierdie gesin. In plaas daarvan om geld na die familie te bring, vat hy selfs die bietjie wat hulle het. Sy aksies wanneer hy by Moeder is, is glad nie verantwoordelik nie en daarom kry hy dit nie reg om respek by die kinders af te dwing nie. Hy misbruik Tjokkie se talent om die toekoms te kan sien. Dit alleen is genoeg rede om sy vaderlikheid te bevraagteken. Daarom het hul bitter min respek vir hom. Volpunte mag toegeken word, indien die leerder kennis van die teks kan oordra deur insidente in die teks aan te haal waar Giel se vaderfiguur in gedrang is. (2)
- 4.6 Neem die volgende voorbeelde in ag:
- Tjokkie en Giel: Tjokkie is Moeder se seun en Giel is Moeder se kêrel. Tjokkie hou niks van Giel nie. Hy sien Giel as 'n parasiet in hul huis en Giel se onvermoë om verantwoordelikheid te neem, maak sy walging in hom selfs groter. Tjokkie wil ontslae raak van Giel, aangesien hy geen respek vir hom het nie. Giel aan die ander kant, sien Tjokkie as 'n nuttelose kind en daarom misbruik hy sy talente. Giel wil Tjokkie misbruik om te kan 'sien' watter perd sal wen en hy dus daarop kan wed en so in sy dubbelbehoefte sukses kan behaal.

Moeder en Giel bly saam en vertel gereeld vir mekaar hoe lief hulle mekaar het. Moeder is bang dat Giel sal weglou en verdwyn, wanneer haar pensioengeld op is. Giel lê klem op sy liefde vir Moeder ten spyte van als. Hy is so ernstig oor sy liefde dat hy met haar sal trou. Vir nou, hou hulle mekaar lewendig en sal hulle nie sonder mekaar kan oorleef nie. Giel is sonder 'n agtergrond en is huisloos en Moeder is eensaam sedert haar man verdwyn het. Moeder is nog wettiglik getroud en dit hinder Giel in sy planne om met haar te trou. Die kinders glo dat Giel en Moeder se verhouding slegs om seksuele bevrediging draai, eerder as enigiets anders. Moeder voel jammer vir Giel. Die kinders glo dat hul slegs in die kamer vir mekaar iets beteken en nêrens anders nie.

Die antwoord moet verband hou met die teks. Leerders moet 'n vergelyking kan trek tussen die teks en vrae wat met die verhouding verband hou, soos in die vraag gestel. DRIE punte kan toegeken word vir elke verhouding wat bespreek word.

- 4.7 Leerders moet die relevansie van die kostuums van elke karakter noem. Leerders se kreatiwiteit en akkuraatheid moet erken word.

Moeder moet in 'n konvensionele en konserwatiewe kostuum geklee wees wat 'n huisvrou uitbeeld, 'n rok, met 'n kopdoek en voorskoot. Sy gaan nie noodwendig êrens heen nie en hierdie kostuum beeld dit duidelik uit.

Tjokkie is besig om aan sy motor te werk in 'n pet, oorpak en stewels. Dit mag bruin wees om sy aardsheid uit te beeld. Sy kostuum mag deurtrek wees met olie, om as bewys te dien dat hy besig was om aan sy motor te werk.

Aanvaar leerders se reaksie, solank dit van pas is en leerder se vaardigheid uitbeeld.

- 4.8 Vaderskap, die belangrikheid van 'n huisgesin, armoede, mishandeling, alkoholisme, aan beweeg na vryheid, ens. Leerder moet TWEE probleme in hierdie vraag bespreek.
- 4.9 Die volgende rubriek mag gebruik word om te help met die assessering van die leerder se reaksie op teks.

Hou die volgende in gedagte:

